NEDERIGHEID/HOOGMOED

Om nederig te wees is die teenoorgestelde van hoogmoed en as die Here **hoogmoed haat** dan sal Hy **nederigheid liefhê**.

Here Jesus Christtus sê ook van Homself in:

Mat 11:29 - Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele

Mat 21:5 - Sê vir die dogter van Sion: Kyk, jou Koning kom na jou toe, **sagmoedig**, en Hy sit op 'n esel, ja, 'n jong esel, die vul van 'n pakdier

So as ons dan volgelinge van Jesus wil wees, dan is dit hoe ons moet wees

Mat 16:24 - Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg

Spr 8:13 - Die vrees van die HERE is om te haat wat sleg is; **hoogmoed** en **trotsheid** en 'n slegte wandel en 'n huigelagtige mond **haat** ek

NEDERIGHEID

HAT- Wat die self nie op die voorgrond stel nie, maar jou eerder terugtrek; beskeie, ootmoedig. Sagmoedig en nederig van hart

Spr 16:19 - Dit is beter om nederig van gees te wees saam met die ootmoediges as om buit te verdeel met die trotsaards.

Saligsprekinge - Gaan alles oor nederige en sagmoedige mense

Mat 5:3 - Salig is die wat **arm van gees is**, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.
Mat 5:4 Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.
Mat 5:5 Salig is die **sagmoediges,** want hulle sal die aarde beërwe.
Mat 5:6 Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.
Mat 5:7 Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.
Mat 5:8 Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.
Mat 5:9 Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.
Mat 5:10 Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.
Mat 5:11 Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.
Mat 5:12 Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het

Maria - Jesus se moeder was 'n absolute nederige mens

Luk 1:46 - 48 En Maria het gesê: My siel maak die Here groot, en my gees is verheug in God, my Saligmaker; omdat Hy die nederige toestand van sy diensmaagd aangesien het; want kyk, van nou af sal al die geslagte my salig noem.

Luk 1:52 - Maghebbers het Hy van trone afgeruk en nederiges verhoog

Paulus - Het die Here met nederigheid gedien

Hand 20:18-19 - Julle weet hoe ek, van die eerste dag af dat ek in Asië aangekom het, die hele tyd by julle gewees het en die Here gedien het met alle nederigheid en baie trane en beproewinge wat oor my gekom het deur die komplotte van die Jode

Rom 12:16 - 18 Maak voorsiening in die behoeftes van die heiliges; streef na gasvryheid; seën die wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie; wees bly met die wat bly is, en ween met die wat ween; Rom12:16 wees eensgesind onder mekaar; moenie na hoë dinge streef nie, maar **voeg julle by die nederige**; **moenie eiewys wees nie**; vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense; as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.

Sagmoedigheid

Sag van inbors; sagaardig; nie streng bars of kwai nie; saggeaard minsaam. Iemand met ‘n sagmoedige geaardheid.

Moses - was sagmoedig

Num 12:3 - Moses was ‘n uiters sagmoedige man, meer as enigiemand anders op die aarde.

Mat 5:5 - Salig is die sagmoediges

Jesus - was sagmoedig - Sien bo

Petrus sê van sagmoedigheid

1Pet 3:3-4 - Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van **‘n sagmoedige en stille gees**, wat baie kosbaar is voor God (Sien ook 1Pet 3:14-17)

HOOGMOED
HAT - Besonder sterk maar ongregverdigde gevoel van eiewaarde, te hoë dunk van jouself. Selfoorskattting, eiewaan, opgeblase sluit in - ingenome selfvoldaan en trots.

Jesus plaas hoogmoed in die volgende konteks

Mar7:22 - Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, Mar 7:22 diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, **hoogmoed**, dwaasheid.
Mar 7:23 Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein.

Ander uitsprake in die Bybel

1Sam2:3 - Spreek nie voortdurend alte hoog nie, laat vermetele taal nie uit julle mond uitgaan nie; want die HERE is ‘n God van diepe kennis, en deur Hom word die dade beproef.
Ps101:5 -
Ps138:6 -
Spr8:13 -
Spr 29:23 -
Jer13:15 -
Luk 14:11
Jak 4:6 - Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.
1Pet 5:5 - Net so moet julle, jongeres, aan die oueres onderdanig wees; en wees almal met ootmoed bekleed in onderdanigheid aan mekaar, want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade

Danige nederigheid - Nie egte nederigheid en dus ook maar hoogmoed

Kol 2:18 - Moenie dat iemand wat behae skep in **danige nederigheid** en in die aanbidding van engele en wat voorgee dat hy allerhande visioene gesien het, julle daarmee mislei nie. So iemand verhef hom oor wat hy in eiewaan van homself dink,

Kol 2:23 Hierdie leerstellings het wel 'n skyn van wysheid met hulle selfgemaakte godsdiens, **danige nederigheid** en streng beheersing van die liggaam, maar dit het geen waarde vir die beteueling van die sondige drifte nie.

GEVOLGTREKKING

Ons moet praat

Om nederig en sagmoedig te wees beteken egter nie om slap te wees, en nie te praat as ons moet nie.

Lev 5:1 Wanneer iemand hoor of te wete kom dat ‘n vervloeking uitgespreek word en hy veswyg dit, dan sondig hy.

Gal 6:1 Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, **so een reghelp met die gees van sagmoedigheid**, **terwyl jy op jouself let**, dat jy ook nie versoek word nie

Bestudeer - 1 Tim 6

Laastens

Jes 66:2 - Want my hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, **spreek die HERE**. Maar **op hierdie een sal Ek let**: **op hom wat arm is en verslae van gees**, en wat **bewe vir my woord**.